

# GARS

## KWALITEITSPESIFIKASIES EN GRADERINGSKRITERIA

PARAMETER		SPESIFIKASIE	NOTAS
Kultivars		Clipper, SSG 525, SSG532, Chariot en Puma	SSG 564 en SSG 585 is voorlopig vrygestel
Suiwerheid van kultivar	Min	95%	Alleenlik saad wat as suiwer gesertifiseer is, mag geplant word
Ontkiemingskapasiteit (GC)	Min	98%	
Ontkiemingsenergie (GE)	Min	97%	
Vet korrels > 2,50mm	Min	70%	Basisprys van 85% tot 100% verminder van 84% tot 70% volgens ITO-glyskaal
Sifsels < 2,20MM	Maks	5%	Basisprys van 0,0% tot 3,0% verminder van 3,1% tot 5,0% volgens ITO-glyskaal
Totale stikstof (droë basis)	Min	1,5%	Basisprys van 1,6% tot 1,85% verminder van 1,64% tot 1,5% en van 1,86% tot 2,0% volgens ITO glyskaal
Weer beskadigde korrels	Maks	3%	
Ergot sclerotia	Maks	0,001%	Lentegids: 10mm raaigras ergot = 10mg/kg monster. Standaard vir ander vorme van ergot sal neergelê word indien nodig.
Vreemde stowwe waarvan spesifiek:	Maks	2%	Die basisprys sal opwaarts aangepas word indien die vreemde material tussen 0,0% en 1,0% is, volgens ITO-glyskaal
Klippiess	Maks	0,5%	
Mielies	Maks	0,5%	
Koring	Maks	0,5%	
Wilde hawer	Maks	0,5%	
Predikantsluis (Spear grass)	Maks	30 sade per 100g	
Insekte (Lewendig)	Maks	Nul	

Beskadigde korrels			
--------------------	--	--	--

## GARS

### KWALITEITSPESIFIKASIES EN GRADERINGSKRITERIA – VERVOLG

PARAMETER		SPESIFIKASIE	NOTAS
Gebatste korrels	Maks	1%	
Onryp korrels	Maks	1%	
Insekbeskadigde korrels	Maks	1%	
Totale beskadigde korrels	Maks	2%	
Vooruitgeloopte korrels	Maks	1%	Visuele toets
Uitgeloopte gars (Visueel)	Maks	Nul	
Swartpuntkorrels	Maks	20%	
Voginhoud	Maks	12,5% (pas 13% toe)	
Meganies beskadig	Maks	6%	
Erg verkleur en hittebeskadig	Maks	3%	
Brand	Maks	6 massas / 100g	
Bedekte swart gars	Maks	Nul	
Sesry gars	Maks	2%	
Erg skimmelbesmet (vrot)	Maks	Nul	
<i>Datura spp</i>	Maks	1 saad / 1 000g	
<i>Crotalaria spp</i>	Maks	1 saad / 1 000g	
<i>Ricinus cimmunis</i>	Maks	1 saad / 1 000g	
Al die ander skadelike sade (Giftige sade)	Maks	7 sade / 1 000g	
Aflatoksien	Maks	10 mikrogram per kg totale aflatoksien	
Aflatoksien B1	Maks	5 mikrogram per kg	

- Die gars moet geskik vir verkope wees, goeie kleur besit, uniform wees, vry wees van vreemde reuke en enige kontaminasie.
- Die gars moet vry wees van swamme wat borreling van bier veroorsaak, en die mikotoksien vlakke (bv. DON) moet binne wetlike vereistes vir voedsel wees.
- Kunsmatige gedroogte gars mag nie met natuurlik gedroogte gars, wat die moutproses of moutkwaliteit betref, verskil nie

# SKADELIKE SADE

## BEPERKINGS

1. Vir doeleindes van artikel 2(1)(a)(ii) van die Wet, mag geen landbouprodukt, behoudens die bepalings van subregulasie (2) –
  - (a) die sade van *Crotolaria*-spesie (Wilde Lusern), *Datura*-spesie (Olieboom) of *Ricinis communis* (Kasterolies) in groter mate bevat as een saad per 1 000g of 1/1 kg
  - (b) die sade *Argemone mexicana* L, *Convolvulus*-spesie (Akkerwinde), *Ipomoea purpurea* Roth (Purperwinde), *Lilium temulentum* (Drabok), *Xanthium Strimarium* (Kankerroos) en *Xanthium Spinosum* (Boetebossie) in groter mate bevat as sewe sade per 1 000g of 7/1 kg van daardie landbouprodukt nie.
2. Ondanks die bepalings van subregulasie (1), waar 'n landbouprodukt sifting of enige ander proses sal ondergaan ten einde die getal toksiese sade van 'n plantasie te verminder voor die verkoop daarvan as 'n voedingsmiddel vir menslike gebruik, is hierdie regulasies alleenlik van toepassing nadat sodanige sifting of ander proses plaasgevind het.